

## MODULE 8 – TRIPPEL FLITS HOË TOON (“HIGH KEY”) OPSTELLING

### DOEL

Om die Fotografiëse student in staat te stel om met die behulp van Elektroniese flitse ‘n Hoë toon beligting opstelling in die ateljee te bewerkstellig.

### UITKOMSTE

Die Student sal in staat wees om die studio beligting op te stel vir:

1. Hoë Toon Portret beligtings Metode.
2. Hoë Toon Butterfly beligtings Metode

### 1.) INLEIDING

Die Ateljee fotograaf moet in staat wees om die plasing van die beligtings toerusting te kan varieer om verskillende beligtings effekte te verkry. Daar is versteie opstel tegnieke wat die beligting reg op die model laat val, maar as gevolg van die verskillende invalshoeke van die lig word ander effekte bewerkstellig wat die genre (mood) van die foto verander.

In hierdie les word die metodes verduidelik waar die fotograaf drie elektroniese flitse kan gebruik om Hoë Toon opstellings te bewerkstellig. Hoë Toon (High Key) beligting is ‘n tegniek wat gebruik word om die beligtings verhouding (lighting ratio) so na aan 1:1 as moontlik te kry. Die beligtings verhouding is die verhouding tussen die Hoof Flits (Key Light) en die Invul Flits (Fill Flash). Hoe hoër die verhouding hoe hoër is die kontras en hoe laer die verhouding hoe laer is die kontras maw die verskil tussen die lig en skaduwee areas.

Lig intensiteit word gemeet in Voet-kerslig (footcandles). As die Hoof flits (Key light) ‘n intensiteit van 100 Voet-kerslig is en die Invul Flits ook ‘n intensiteit van ‘n 100 Voet-kerslig het dan is die verhouding 1:1. Indien die Hoof flits (Key light) ‘n intensiteit van 800 Voet-kerslig is en die Invul Flits ‘n intensiteit van ‘n 200 Voet-kerslig het dan is die verhouding 4:1. (Berekenings Formule = Hoof Flits/Invul Flits). Die lig intensiteit kan ook in die SI eenhede uitgedruk word nl. Lux. (1 Voet-kerslig = 10 Lux)

Hierdie Beligtings Verhouding het ook direkte verhouding tot die F-Stops(lensopening) van jou kamera. Een F-stop groter is gelyk aan ‘n verdubbeling van die hoeveelheid lig. Die Formule om dit te bereken is as volg, 2 tot die mag van die verskil in die F-stops is gelyk aan die eerste faktor van die verhouding.

Voorbeeld 1: ‘n Verskil van 2 F-stops tussen Hoof flits en Invul Flits is  $2^2 = 4$  die verhouding is dus 4:1

Voorbeeld 2: ‘n Verskil van 3 F-stops tussen Hoof flits en Invul Flits is  $2^3 = 8$  die verhouding is dus 8:1

- Onthou om nooit jou modelle te naby aan die agtergrond te plaas nie, kyk altyd vir skaduwees.
- Onthou om eers ‘n toets foto te neem om seker te maak jou beligting is reg en jy het nie onnodige skaduwees nie.

## 2.) HOë TOON PORTRET OPSTELLING

### Toerusting Benodig

- 2 x Elektroniese Flitse of Model Ligte
- 2 x Swaardiens Driepote
- 1 x Softbox
- 1 x Sambreel Weerkaatser
- 1 x Agtergrond Spotlig of Elektroniese flits
- 1 x Soomlose of Opvoubare Agtergrond
- DSLR Kamera
- 1 x Sinkronisasie Kabel of Afstand beheer Sender/Ontvanger stelsel
- 2 x Ligsensitiewe Sel skakelaars (Slave-units)

### Beskrywing van Hoë Toon(High Key) Beligting

Die objektief vir "High Key" beligting is om die kontras tussen die model en die agtergrond te verminder (so na as moontlik aan 'n 1:1 verhouding) en is slegs effektief wanneer dit met ligte kleure gebruik word (bv. Bruid op 'n wit agtergrond)

**Die definisie van High key lighting is :** " *Dit is lig wat skakerings veroorsaak wat meestal tussen wit en grys val, met baie min donker grys of swart skakerings.*" In die digitale era beteken dit dat al die skakerings in die foto bokant 128 sal wees behalwe vir 'n paar swart skakerings soos byvoorbeeld die pupille van die model.




Fig 1

## **Metodiek vir 4 Faset High Key Portret Beligting**

### **Hoof Flits**

- Plaas die Hoof Flits met Softbox, links voor die model. (*Sien Fig 1*)
- Stel die hoogte van die Flits so hoog as moontlik bo die kop van die model
- Kantel die Flits  $\pm 65^\circ$  na onder sodat die lig sal af skyn op die model. Die doel is om 'n effense skaduwee onderkant die neus te vorm (op die bo-lip) (*Sien Fig 1*)

### **Invul Flits**

- Die Invul Flits is 'n breë ligbron wat gewoonlik agter die fotograaf geplaas word om al die skaduwees in te vul.
- Plaas die Invul Flits met Sambreel aan die linkerkant van die kamera, ongeveer  $15^\circ$  tot  $20^\circ$  links van die middellyn af. (*Sien Fig 1*)
- Die Invul Flits moet hoër as die fotograaf se kop wees. Die flits sal al die donker skaduwees invul soos onder die kakebeen, oogkaste, ore en ook die tekstuur van die hare op die slape uitbring. M.a.w. alles wat die kamera "sien" sal verlig word.

Die Invul flits moet 2 stoppe swakker as die Hoof Flits gestel wees. Dit moet invul maar daar moet steeds 'n effense skaduwee onder en langs die neus sigbaar wees. Die 2 stop verskil gee die fotograaf 'n 3 tot 1 verhouding tussen die hoogtepunte en die skaduwees. (*Sien Fig 1*)

### **Haarlig (Spotlig met Snoot)**

- Plaas die Spotlig en snoot in die middel van die agtergrond en rig die snoot op die agterkop van die model.
- Die Spotlig moet verkieslik redelik hoog geïmposisioneer wees om nie "flare" in jou lens te veroorsaak nie. Kantel dit afwaarts om die hare op die agterkop te verlig.

Wees daarop bedag dat die lig nie te sterk op die hare skyn nie. Dit kan steurend raak en die effek van die portret bederf.

### **Kicker Lig (Spotlig met Snoot)**

- Plaas die Spotlig en snoot aan die regterkant van die agtergrond en rig die snoot op die kant van die agterkop van die model. Hierdie lig verlig die kant van die kop wat nie deur die Hoof flits verlig kan word nie en werk saam met die haarlig om "Wrap-around" beligting te gee.
- Die Spotlig moet 'n kop hoër as die model geïmposisioneer wees om nie "flare" in jou lens te veroorsaak nie. Kantel dit effens afwaarts om die hare aan die kant van die kop te belig.
- Wees daarop bedag dat die lig nie te sterk op die hare skyn nie. Dit kan steurend raak en die effek van die portret bederf. Wanneer gebruik op modelle met lang hare moet dit nie die wang, neus, skouer of bors verlig nie.
- Hierdie tipe beligting word ook dikwels by manlike modelle gebruik om die kakebeen te verlig en staan bekend as die "Clint Eastwood" effek

### **Agtergrond Ligte**

- Hierdie lig(te) verlig slegs die agtergrond en skep die High Key effek deur dit 2/3 stop sterker te stel as die hoof flits

### 3. HOË TOON BUTTERFLY OPSTELLING




Fig 2

#### **Beskrywing van Tegniek**

1. Hierdie Butterfly Opstelling word gebruik om eweredige beligting regoor die onderwerp te bewerkstellig
2. Die opstelling werk veral goed vir modelwerk mits die model beskik oor 'n goeie vel.
3. Butterfly Opstelling fotos word gekenmerk deur twee liggies in die model se oë.
4. Butterfly metode is geskik ook vir klein kinders en diere, wat baie rond beweeg, want die flitse dek 'n wye area, minder problem met skaduwees op agtergrond of persone.
5. Die hoogte is van kardinale belang om te verseker dat die beligting eweredig is....indien die model in 'n lê of sit posisie is moet die fotograaf onthou om die Flitse te laat sak

#### **Opstellings Metodiek** *(Soos gedemonstreer op Videoclip)*

1. Plaas die Elektroniese Flitse voor en aan weerskante van die model/onderwerp (ongeveer 15° vanaf die middellyn) sodat die lig van die twee flitse oorvleuel. (Sien Fig 1)
2. Die hoogte van die flitse moet ongeveer die hoogte van die model wees en effens na onder gekantel. *Wees bedag daarop om die flitse nie te hoog te plaas nie aangesien dit skaduwees onder die neus en oë sal gooi.*
3. Plaas die flitse ongeveer 1.5 meter van die model af om beide die fotograaf en die model beweeg ruimte te gee. Waak daar teen om die flitse nie nader as 1 meter aan die model te skuif nie aangesien dit

	<p>'n gesondheids gevaar mag inhou.</p> <ol style="list-style-type: none"><li>4. Beide flitse se verstellings moet identies wees</li><li>5. <b>Agtergrond Ligte</b> Hierdie lig(te) verlig slegs die agtergrond en skep die High Key effek deur dit 2/3 stop sterker te stel as die hoof flits</li></ol>
--	--